*Sondag* **30 November**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:1-11**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:5-11**

**Die Naam van Jesus beteken dat Christus teenwoordig is**

Petrus en Johannes het saam opgegaan tempel toe waar ’n kreupel man na hulle gebring is. Hulle het hom, in die Naam van Jesus Christus, beveel om op te staan en te loop. Deur die mag van God het die Here se krag soewerein geskitter en is hierdie man genees. Ná hierdie wonderwerk het Petrus vir die volk gesê dat hierdie man in die Naam van Jesus genees is (sien Hand. 3:16).

As gevolg van hierdie preek waarin Petrus die evangelie verkondig het, is hy en Johannes deur die Joodse leiers gevange geneem en die volgende oggend verhoor. Nou bots die mag van die owerheid met die mag van God.

Die Joodse owerheid het hulle toe gevra: Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen (vs 7b)? Petrus het geantwoord dat dit deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, is (vs 10). Hierop het hy uitgebrei dat die mag nie net gegee is om te genees nie, maar juis om te red. Hierdie mag tot redding is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie (vs 12).

Dit was nie die apostels wat genees het nie, maar Jesus. Die Naam van Jesus beteken dat Christus teenwoordig was en kragtig gewerk het.

Vandag kan ons ook weet dat God se bemoeienis met ons as sy verbondsvolk nie net daarin lê dat Hy bo alle krag en mag regeer nie, maar dat Hy ons ook uit die verskriklike mag van sonde gered het. Sy mag skitter en triomfeer bo enige ander, ja soewerein bo die mag van Satan self.

Laat ons Hom daarvoor dank en sy Naam nie misbruik nie, maar Hom aanroep en in Hom jubel.

*Sing: Psalm 145-1:1, 2, 4*

*Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)*